Voet in hoek teen Williams

Mnr. Dewald Pretorius wat aan Williams-sindroom ly het onlangs sy K53-lisensie geslaag

Storie en foto: R.C. Myburgh

POLOKWANE - Van lees en skryf weet hy nie juis maar agter die motor se stuurwiel voel hy tuis.

Mnr. Dewald Pretorius (19) is in 2000 met Williams se sindroom gediagnoseer.

Williams-sindroom word nie altyd by geboorte gediagnoseer nie en dit hou wel risiko vir die baba in omdat verskeie mediese probleme kan ontwikkel.

Tipiese kenmerke van Williams-sindroomlyers is onder andere ontwikkelingvertraging soos verminderde oplettendheid en leervermoë, ondergewig met geboorte en tel ook stadig gewig op, hartprobleme, nierabnormaliteite en hiperakusis (sensitiewe gehoor).

Volgens sy ma, me. Brenda Pretorius, is dit te wyte aan 'n vermiste geen op chromosoom sewe insluitend die geen wat verseker dat proteïene genaamd elastien in die liggaam gevorm word.

"In Suid-Afrika is daar sowat 70 mense met William se sindroom," sê Brenda.

Wat Dewald anders maak is dat hy verlede Woensdag sy mondelinge leerlingbestuurslisensie geslaag het.

Dewald het Januarie by 'n bestuurskool onder leiding van me. Barbara Brits aangesluit en begin om die K53-boek te memoriseer.

"Dit was fantasties om saam met Dewald te werk en leer. Al kan hy nie lees en skryf nie is hy baie intelligent en herken padtekens baie vinnig," sê Barbara.

"Ek is baie bly," sê Dewald met 'n glimlag wat eintlik sy oë toedruk.

Brenda vertel hoe sy gedink het Barbara sou nie die mas met Dewald kon opkom nie.

"Maar ek haal my hoed vir haar af vir haar geduld en deursettingvermoë om vir Dewald te help," sê sy.

Barbara keer vinnig op die vraag of dit nie eintlik 'n risiko vir Dewald is om te bestuur nie.

"Hy gaan 'n veiliger bestuurder wees as baie ander daar buite.

"Hy kan afstand skat en al die reëls van die pad is in sy brein gegraveer," sê sy.

Sy sê bestuursvernuf begin by die herken van padreëls en padtekens.

"En Dewald ken dit uit sy kop uit," voeg sy by.

Brenda vertel sover haar kennis strek is daar sleg twee William-sindroomlyers in die Verenigde Koninkryk met bestuurderlisensies en Dewald kan moontlik die eerste in Suid-Afrika wees met 'n leerlinglisensie.

"Ek wil oorloop van trots. Dit beteken veral vir Dewald baie omdat dit sy selfvertroue aanhits en dis sy eerste tree tot onafhanklikheid," sê Brenda.

Dewald het gister met bestuurslesse begin.

Sy volgende mylpaal na die lisensie sal wees om te leer lees en skryf.

Mnr. Dewald Pretorius laat nie toe dat Williams se sindroom hom onderkry nie. Saam met hom is me. Barbara Brits van die bestuurskool en agter staan sy ma, me. Brenda Pretorius. Hulle is supertrots op Dewald wat verlede Woensdag sy leerlinglisensie geslaag het nie.